***Die lewe kan slegs deur stryd behoue bly***

**172** Onder hulle was ook **`n groep Grieke**, wat hulle baie oor die leer verbaas het en een van hulle sê: "Ja, hierdie leer stam uit die natuur. `n Mens, wat vir miljoene mense wette moes uitvaardig, sou konkrete of willekeurige wette uitgedink het. Hy sou self die meeste profyt wou hê van die navolging van sy wette. Maar hierdie leer bevat wette wat in die eerste plek basisvoorwaardes is vir die lewe van die mense, en wat sodoende ook baie geskik is om dit onder die beste, suiwerste en aangenaamste omstandighede vir ewig te behou. Daar blyk nêrens iets van eiebelang en nog minder van die een of ander heerssug te wees nie, maar daar is vir elke enkeling persoonlik gesorg, en dus ook vir `n gemeenskap van tallose mense! Waarlik, as hierdie leer erken word en dan algemeen nagevolg word, sal die aarde self net soos `n hemel word!

[2] Maar, en dit is `n groot maar, daarvoor het jy egter `n hele nuwe geslag nodig! Die onverbeterlike mensetrop moet van die aarde verdelg word, anders sal dit in der ewigheid nooit anders word op hierdie aarde nie! Die luukse en die gemaksug het `n te hoë vlak bereik, die maghebber weet hoe om die arme, swakke en onmagtige mens te benut, en daarom is min mense gelukkig, en verskriklik baie mense moet gebrek ly! Daardeur gebeur dit dat die arme drommel uiteindelik begin twyfel aan die voorsienigheid van Elohim, terwyl die ryke en magtige van louter geluk en welvaart Elohim vergeet, en die gevolg is dat beide dan uiteindelik in die hande van die duiwel val!

[3] Ja, Majesteit en Meester, U leer bevat die suiwer goddelike waarheid, ja ek sou selfs sê: Dit is al self suiwer lewe. Maar dit is bejammerenswaardig dat dit definitief nie deur die ongelowige bolaag van die wêreld aangeneem sal word nie, omdat hulle vir hulleself op heidense wyse op aarde al so `n plek verower het, dat hulle volgens aardse begrippe baie goed kan leef. Adam sou ondanks sy geroemde Eden `n arme sukkelaar gewees het vergeleke met `n Caesar Augustus of `n Lucullus en nog honderde ander soos hy. 'Dit kan `n mens hom deur Zeus, Apollo, Mercurius ens. verskaf, `n mens kan naas hierdie fantasiegode oneindig goed lewe! Waarvoor dan waarheid, waarvoor liefde, sagmoedigheid, geduld en wysheid?' So sal die groot en magtiges van die aarde filosofeer en U egte, heilige leer van die vriendskap by elkeen agtervolg, soos wat die hongerige wolwe `n lam agtervolg.

[4] Hoe sal iemand hom ooit by U goddelike leer van die vriendskap tuis voel, as slawerny van sy naaste vir hom die vernaamste voorwaarde is vir sy goeie lewetjie? Ja, Majesteit en Meester, en enigste egte Verlosser van die arme lydende mensdom, gaan maar, doen wonders, predik die ewige slawerny, en toon die wegkwynende volk dat `n Caesar slegs die reg het om op die aarde te lewe, en die volk slegs maar in soverre hulle Caesar behaag! Getuig verder luidkeels dat Caesar die onbetwisbare reg het om na willekeur oor elkeen se lewe en dood te beskik, en alle skatte en goedere van die aarde in beslag te neem, dan sal die mense U weldra koninklike klere aantrek en U sal rondgaan in groot prag en majesteit!

[5] Maar omdat U leer algemene broederskap predik en van elke mens `n kind van Elohim maak, sal U, goeie, vir my waarlik heilige Meester, met U leer op onvoorstelbare wyse vervolg word."

[6] **Ek** sê: "Vriend! Wat jy nou gesê het is bejammerenswaardig genoeg waar; dit sal baie harde stryd kos voordat die groot en magtige heidene My leer volledig sal aanneem! Maar as dit tog eenmaal deur hulle aangeneem word, dan sal juis die Caesars en die konings My effektiefste en ywerigste apostels wees! Self sal hulle die afgodstempels afbreek en op hulle plekke huise vir Elohim oprig, waarin die broers tesame sal kom om daar die Een, alleen ware Elohim die eer te gee. En hulle kinders sal in die huise vir Elohim onderrig word in die leer wat Ek nou aan die mense gee vir hul tydelike en ewige verlossing.

[7] Dit sal natuurlik nie vandag of môre gebeur nie, maar na die regte tyd en onder die regte omstandighede; want eers moet die saad gesaai word, daarna ontkiem dit, en uiteindelik gee dit baie vrugte.

[8] Maar dat daar by My leer daarna, deur die eintlike wêreld wat nie sal sterwe nie, altyd aangevoeg sal word, dit weet Ek al eeue lank.

[9] Ja, hierdie baie sagaardige leer van My sal mettertyd selfs die bloedigste oorloë ontketen, maar ook dit kan nie vermy word nie, want die lewe ontstaan uit `n geweldige stryd in Elohim, en is en bly daarom `n voortdurende stryd, en kan slegs deur die aangehoue stryd in stand gehou word! - Verstaan jy dit?"

[10] **Die Griek** sê: "Majesteit en Meester, dit is vir mense wat soos ons is, te moeilik! Dit kan U en U leerlinge goed verstaan, maar vir my is dit te onbegryplik en te ondeurgrondelik wys!"

[11] **Ek** sê: "Ja, ja, dit glo Ek ook; maar tog is en bly dit ewiglik so, soos wat Ek dit jou nou uitgelê het!"

[12] Ook al die ander van die volk verbaas hulle baie oor hierdie toespraak van My en **enkeles** sê onder

mekaar: "Ons oudste, die wyse Griek gebore in Patmos, het regtig baie wys gepraat, maar jy kon tog duidelik sien dat dit slegs `n mens was wat gepraat het. Maar wanneer hierdie Man en Meester praat, wat nog so jonk is, is dit asof dit nie Hy nie, maar Elohim se Gees is wat Self deur Hom praat. En elke Woord uit Sy mond raak jou hart aan net soos `n ou, goeie wyn, en maak haar deur en deur bly." – Na hierdie word daar nog baie dergelike opmerkings gemaak, veral op die derde dag toe die volk al baie meer in My leer ingewy was.

### *Wonderbare spysiging van die vierduisend*

**173** Daar moet hier vermeld word dat die volk van pure vreugde en verwondering oor My vriendelikheid en oor My leer, vergeet het dat daar niks meer te ete en te drinke was nie. Teen die aand word hulle egter tog honger en hulle begin vir mekaar te vra of een van hulle mondvoorraad by hom het. Maar die vraag was tevergeefs, want hulle het al op die voorafgaande dag al hul saamgeneemde voorraad tot op die laaste broodkrummel opgeëet.

[2] Omdat Ek dit baie goed raaksien, roep **Ek** die leerlinge na My toe en sê vir hulle: "Luister! Ek het met `n volk te doen wat al drie dae by My gebly het, en wat nou niks meer te ete het nie. Ek wil nie die wat honger is wegstuur nie, want dan sou hulle onderweg na hulle huise kon omkom *(Matthéüs. 15:32),* want daar is uit die volk die wat van ver gekom het. **Gee julle vir hulle te ete!"**

[3] **Die leerlinge** sê: "Meester, U weet tog hoe ver ons voorraad al gedaal het! Hier in die buurt is niks, waar moet ons soveel brood vandaan kry om die volk voldoende te gee?" *(Matthéüs. 15:33)*

[4] Daarop vra **Ek** aan die leerlinge: "Hoeveel brode het julle nog in voorraad?"

[5] En **die leerlinge** antwoord: "Nog sewe brode en `n paar vissies, wat nog goed is." *(Matthéüs. 15:34)*

[6] Toe sê **Ek** aan die leerlinge: "Bring die brode en die visse hier!"

[7] En die leerlinge gaan haal die brode en die visse. Ek seën beide die brood en die visse. Daarop gee ek opdrag dat die volk op die grond moes gaan sit. *(Matthéüs. 15:35)* Toe die volk gaan sit, neem Ek die brood en die visse, dank die Vader, wat in alle volheid in My hart woon, vir die seën, breek daarna sowel die brood as die visse in stukke, en gee hierdie stukke aan die leerlinge, en dié gee dit aan die volk. *(Matthéüs. 15:36)* En kyk, almal het na hartelus soveel as wat hul maag gevra het, geëet en versadig geword. Meer as dit kon hulle nie eet nie, en daar het soveel stukke oorgebly dat `n mens daarvan sewe groot mandjies vol kon insamel. *(Matthéüs. 15:37)* Die aantal mense wat gevoed was, was vierduisend manne en net soveel vroue en kinders, wat nie saamgetel is nie. *(Matthéüs. 15:38)*

[8] Noudat die volk dus versadig was, beveel Ek hulle om weer huis toe te gaan. En die volk staan weldra op, omdat die dag al vinnig na sonsondergang loop. Groot en klein en jonk en oud bedank My en begeef hulle op die tuisweg.

[9] Toe die volk na `n halfuur al heeltemal weggestroom het, en daar buiten My en die leerlinge niemand hulle meer op die bergtop bevind het nie, gaan Ek saam met die leerlinge ook van die berg af na die oewer van die see, waar daar juis `n leë skip was en wat op `n vrag gewag het. Ons kom dus baie geleë. Maar toe die skippers My herken, buig hulle diep voor My, want hulle het My van Kana in Galiléa geken. Hulle vra daarom ook geen loon nie, maar smeek My vir `n seën op hulle nuwe bedryf wat hulle begin het.

[10] En **Ek** sê aan die skippers: "As dit vir julle nie te ver uit julle rigting is nie, stuur die skip dan na die grens van Magdala, waar Ek iets te doen het!" - En die skippers maak die skip los van die aanlegpaal, en spoedig kom daar `n gunstige wind wat die skip in `n kort tydjie tot aan die grens van die gebied van Magdala dryf. *(Matthéüs. 15:39)*